# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (40/17)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 20 Oktober 2017


Citrus Growers' Association OF SOUTHERN AFRICA
Grower levies working for you!

***"The secret of change is to focus all of your energy, not on fighting the old, but in building the new" Socrates***

## 2018 - "NOT BUSINESS AS USUAL"

Tydens laas week se DAFF-vergadering is die Valskodlingmot Risikobestuurstelsel (FMS) in diepte bespreek. Aanbiedings het verduidelik **waarom** die FMS ingestel word, en die alternatiewe sou die FMS nie werk nie; **wat** gedoen moet word om te voldoen; en **hoe** dit in terme van registrasies, dokumentasie en ander administrasie gedoen moet word. Daar is baie wat gedoen moet word, en baie verantwoordelikheid op almal in die voorsieningsketting om dit reg te doen - die alternatief is te erg om te oorweeg. Wat noodsaaklik is, is dat almal weet wat gedoen moet word - daar is baie om in te neem en baie om te verstaan. DAFF, CGA en PPECB gaan nou op 'n roadshow om die aanbiedings van die Addo-vergadering na die streke te neem; **u moet dit asseblief bywoon**. In 2018 moet daar aan die FMS voldoen word, dis verpligtend – as u nie voldoen nie, sal u vrugte nie na die EU kan gaan nie. Datums, tye en plekke is soos volg: **Nelspruit** CRI Opleidingslokaal 23 Oktober om 09:00; **Hoedspruit** Hengelklub 24 Oktober om 10:00; **Letsitele** Tzaneen Country Lodge 25 Oktober om 09:00; **Marble Hall** Toitskraal 26 Oktober om 10:00; **Musina** Munisipale Skougronde: Landbou Saal 27 Oktober om 09:00; **Nkwalini** Boeresaal 30 Oktober om 09:00 en **Stellenbosch** LNR Infruitec Olive Grove 31 Oktober om 09:00.

## SUIDELIKE HALFROND SE UITVOERE 2016




By die Southern Hemisphere Association of Fresh Fruit Exporters (SHAFFE) in New Orleans het die sekretariaat Suid-Afrika se status as die grootste volume uitvoerder van vars vrugte in die suidelike halfrond bevestig.

## BOOMSENSUS DATA

CGA het dit baie makliker vir produsente gemaak om hul boomsensus data te voltooi. Die data wat in die registrasieproses versamel word, word nou direk in die boomsensus ingevoer – vermy so die nodigheid vir addisionele insette.

Om 'n akkurate en volledige boomsensus van die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf moontlik te maak, as 'n newe-produk van die huidige registrasieproses, sluit asseblief alle boorde onder verbouing in, ongeag die ouderdom. Dit sal meer volledige statistieke moontlik maak en ook help om meer akkurate voorspellings van toekomstige groei te doen.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot Einde Week 41 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | **Gepak** | Verskeep | **Verskeep** | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| BRON: PPECB/AGRIHUB | 2015 | 2016 | 2017 | 2016 | 2017 | 2017 | 2017 | 2016 |
| Pomelo's | 16.1 m | 13.8 m | 15.7 m | 13.2 m | 14.2 m | 15.6 m | 15.7 m | 13.8 m |
| Sagte Sitrus | 10 m | 12.2 m | 13.4 m | 11.3 m | 13 m | 13.2 m | 13.4 m | 12.2 m |
| Suurlemoene | 15 m | 15 m | 19 m | 14.6 m | 18.8 m | 17.5 m | 19 m | 15 m |
| Nawels | 24.5 m | 26.2 m | 21.1 m | 25.5 m | 21.1 m | 26.3 m | **21.1 m** | 26.2 m |
| Valencias | 52.4 m | 41.6 m | 53.5 m | 39.6 m | 49.3 m | 50.1 m | **53.5 m** | 41.8 m |
| Totaal | 118 m | 108.8 m | 122.7 m | 104.2 m | 116.4 m | 122.7 m | 122.7 m | 109 m |

**DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**